Bybel vir Kinders

bied aan



'n Geliefde seun word 'n slaaf

Geskryf deur: Edward Hughes

Ge-illustreer: Byron Unger; Lazarus

Aangepas deur: M. Kerr; Sarah S; Alastair P.

Vertaal deur: Yvonne Kriel

Vervaardig deur: Bible for Children

www.M1914.org

BFC
PO Box 3
Winnipeg, MB R3C 2G1
Canada

©2020 Bible for Children, Inc.
Lisensie: U het die reg om hierdie stories te kopieër en te druk maar u mag dit nie verkoop nie.

Isak was baie gelukkig, sy seun Jakob was by die huis. Selfs Esau wat gesweer het om sy broer dood te maak was bly.

Josef se broers het vir hom kwaad geword wanneer hy hulle vertel het van sy drome. "My gerf graan staan regop terwyl my broers se gerwe voor my gerf buig" sê Josef. Die droom het beteken dat Josef belangriker is as sy broers.





In Josef se tweede droom het die son, maan en sterre voor hom gebuig. Selfs sy vader Jakob was kwaad vir hom oor hy homself meer geag het as sy ouers en broers.

Een dag stuur Jakob vir Josef na die veld waar sy broers vee opgepas het. Sy broers het hom van ver af gesien kom en gesê "Kom ons maak die dromer dood." Josef het nie geweet van die gevaar wat vir hom wag nie.



Ruben die oudste broer het nie saamgestem nie. "Ons moet nie bloed vergeld nie" sê hy. "Kyk hier is 'n put, kom ons gooi hom daar in om te sterf." Ruben het beplan om Josef die aand daar uit te haal.



Met Josef
se aankoms
het sy broers
hom gegryp en sy
kleurvolle jas wat
Jakob spesiaal
vir hom gemaak
het uitgetrek.
Daarna het hulle
hom in die aaklige
put gegooi.



Terwyl Ruben nie daar was nie het 'n groep mense met kamele daar verby gekom op pad na Egipte. "Kom ons verkoop Josef aan hulle" het Judas sy broer gesê. Hulle het Josef verkoop vir 20 sikkels silwer.



Hartseer en bang is Josef hulpeloos weg gelei saam met die kamele, weg van sy familie en sy land.





"Is dit Josef se jas? Dit is bebloed, ons het dit in die woestyn gevind." Die wrede broers het Jakob laat glo dat 'n wilde dier sy geliefde seun verskeur het. Jakob het sy klere geskeur en gerou. Niemand kon hom troos nie.

In Egipte moes Josef baie alleen en bang gewees het. Miskien het hy huistoe verlang, maar hy kon nie ontsnap nie. Hy was 'n slaaf in die huis van Potifar, 'n belangrike Egiptenaar. Potifar het gesien Josef is hardwerkend en betroubaar.

"Alles wat jy doen is goed," het Potifar aan Josef gesê. "God is met jou. Ek wil hê jy moet my hoof dienaar wees en in beheer van al my besigheid en hoof van al my ander dienaars."



God het aan Potifar 'n goeie oes en baie skatte gegee terwille van Josef. Josef was 'n belangrike man maar het God nog steeds vertrou en getrou gedien, maar hy het moeilikheid gekry.

Potifar se vrou was 'n slegte vrou. Sy het Josef gevra om haar man se plek in te neem. Josef het geweier. Hy sal nie teen God sondig deur Potifar te na te kom nie.

Die vrou het hom probeer forseer, maar hy het weg gehardloop. Sy het hom gevang en sy jas gehou.



"Jou slaaf het my aangeval," het Potifar se vrou gesê. "Kyk hier is sy jas!" Potifar was baie kwaad. Miskien het hy geweet sy vrou lieg. Hy moes iets doen. Wat moet hy doen?



Potifar het Josef in die tronk gesit. Alhoewel hy onskuldig was, was Josef nie kwaad nie. Miskien het hy geleer dat ten spyte van al sy probleme, maak nie saak waar hy is nie,
solank hy God eer,
God hom sal eer,
selfs in die tronk.

'n Geliefde seun word 'n slaaf

'n Storie uit God se woord, die Bybel,

soos gevind in

Genesis 37, 39

"Die lees van die Woord gee lig."
Psalms 119:130

Die Einde

Die Bybel storie vertel ons van ons wonderlike God wat ons gemaak het en wat wil he dat ons Hom sal leer ken.

God weet ons het verkeerde dinge gedoen, Hy noem dit sonde. Die straf vir sonde is die dood, maar God het ons so lief dat hy sy Seun, Jesus vir ons gestuur het wat vir ons sondes aan die kruis kom sterf het. Jesus het opgestaan uit die dode en opgevaar na die Hemel! Wanneer jy in Jesus glo en Hom vra om jou te reinig van al jou sonde, sal hy dit doen! Hy sal saam met jou stap deur die lewe, en jy sal vir ewig lewe saam met Hom.

As jy glo dat dit die waarheid is, se die volgende vir God:
Liewe Jesus, ek glo dat U God is, en mens geword het om vir my sondes te kom sterf en nou vir ewig lewe. Kom stap asseblief saam met my deur my lewe en vergewe my my sondes, sodat ek 'n nuwe lewe kan he, sodat ek eendag saam met U vir ewig kan lewe. Help my om vir U te luister en gehoorsaam te wees, sodat ek vir U sal lewe en U kind genoem kan word. Amen

Lees die Bybel en praat met God elke dag! Johannes 3:16